# Al Psalmend

## WEEK DRIE: DEEL II

---

*Die doel van die psalms is om ons oor God*
*en ons verhouding met God te leer;*
*dit is die hart van teologie.*
*Die psalmbundel kan as 'n gallery van God beskou word,*
*met veelvuldige voorstellinge van wie God is.*
Tremper Longman

**************

*Die waardevolste les wat ek uit die Psalms neem is dat,*
*soos wat Dawid met vreugde oor God gedans het,*
*ek met soortgelyke vreugde God ook mag geniet.*
C.S. Lewis

As 'n mens mooi gaan lees, dan kom jy agter dat die Psalms gebede is wat, of individueel, of in die tempel (en later in die sinagoges) gesing is. Die liedere wat gesing/gebid is, is nie "addisionele" inligting oor God nie nie, m.a.w. ons leer niks nuuts ken oor God in die psalms as wat in die Ou Testament geskryf is nie. Die Psalms sou as 'n opsomming beskou kon word van die hele Ou Testament, want elke tema in die Ou Testament verskyn in die Psalms.

Maar laat ons net eers weer gedagtes verfris oor wat ons tot dusver weet, voordat ons na die Psalms as 'n opsomming van die Ou Testament kyk:
.

'n Samevatting van wat ons reeds van die Psalms weet:

- Dit is die grootste boek in die Bybel en word ook die meeste in die Nuwe Testament aangehaal.
  In die Nuwe Testament word daar reeds na "Die Boek van die Psalms" verwys.

Die Boek het uit ‘n versameling van 150 gedigte bestaan).
(Lukas 20:42 en Hand 1:20).

- Die Psalmboek is deur verskillende outeurs, oor ‘n periode van ‘n 1000 jaar geskryf: vanaf Moses (1500 vC) tot na die Babiloniese ballingskap (500 vC).
  Baie skrywers het "in die naam van Dawid" of "vir Dawid" ‘n psalm geskryf .

- Die meeste van die Sela's (in 39 psalms) verskyn in Boek 1-3. Daar is ook verskeie temas saamgegroepeer, bv.:

  93-100 - Die Here regeer
  111-118 - Halleluja-psalms
  138-145 - nog "Dawid"-psalms
  146-150 - Prys die Here

- Al vyf Psalmboeke eindig lofprysend, bv: "*Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen*" (Ps 41:13. Sien ook 72:118-19; 89:52; 106:48; 150). Dit mag later ingevoeg wees om die boeke op hierdie manier te "merk".

- 34 Psalms het geen verwysings na outeurs nie. (Dit word soms "wees"-psalms of "orphan Psalms" genoem). Die meeste van hierdie anonieme psalms verskyn in Boeke 3-5.
  Kenmerkend in al 5 boeke is die emosionele taalrykheid.

- Die meeste agtergrondmateriaal vir die konteks van die leefwêreld van die psalmdigters is opgeteken in 1 en 2 Samuel.

- Al 150 Psalms is gedigte en moet nie as prosa verstaan word nie. Die rykdom van woordspel suggereer dat die psalmskrywers verbeeldingryke prentjies met woorde wou "skilder, soms in die helderste kleure denkbaar; soms net in somber kleure.

- Daar word baie gebruik gemaak van vergelykings (*iets is "soos"...*), en ook metafore (*iets word gelykgestel word aan iets anders*).
  Die belangrikste taalverskynsel is die gebruik van parallelismes. Daar kan selfs drie parallele sinne na mekaar voorkom.

- Die volgende tipe psalms kan onderskei word:
  Klaag en vloekpsalms
  Skuldbelydenis- en pleitpsalms
  Dankpsalms en Lofprysings
  Konings- en troonbestygingspsalms
  Vertrouens- en skeppingspsalms

Hier is twee powerpoints waarna jy kan kyk wat vir jou 'n goeie oorsig oor die psalms gee:
https://www.slideserve.com/kirsten-snow/lesson-1-introduction-to-the-psalms
https://slideplayer.com/slide/5745463/

## Die Psalms as 'n opsomming van die Ou Testament

Die primêre eienskap wat die God van Israel onderskei het van al die ander omliggende volke se gode is die beginsel wat ons as "monoteïsme" beskryf. So begin ons ook met die geloofsbelydenis van Nicea: Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde.

Hierdie onderskeidende kenmerk van die sg drie Abrahamitiese godsdienste (die Judaïsme, die Christendom en Islam) word uitgelig uit Deut 6:4, "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here". Elke beskrywing van God in die Psalms fokus op God as die enigste God. Daar is elke keer 'n appél op God as die God soos ons God leer ken in Eks 34:6, "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou".

In die Psalms sal jy raaksien dat

- **God die skepper** van alles is, net soos ons in Genesis en die natuurpsalms ons leer, maar die **sondeval** is ook teenwoordig (nie net hulle "wat in die kring van die spotters" leef is 'n bewys daarvan nie; selfs die geliefde koning Dawid moet sy eie sonde in Ps 51 bely).

- Die psalmdigter herinner homself en ook die volk dat God die **Verbondsgod** is; daarom is daar ook gereeld herinnering aan hoe God

die volk uit slawerny begelei het. Die gereelde herinnering dat die volk t.w.v. die nasies getrou moet bly aan God is ‘n voortdurende tema in die psalms. Wanneer daar dan ontrouheid hieroor is, is daar groot spyt van die volk se kant af.

- Die **koningstyd** van Dawid, later dan ook die mislukking van die konings en die wegvoer as **ballinge** is nog ‘n tema wat gereeld teëgekom word. Boek 3 van die Psalms eindig waar die koningshuis van Dawid in duie stort. Boek 4 skep ‘n morbiede prentjie van die toestand van die mense, maar gelykertyd word God beskryf as die Koning wat sal reageer (kyk bv na Ps 93, 95-99). Daar is ‘n “eindtyd”-prentjie van almal wat God sal aanbid as koning, veral teen die einde van die psalms (bv Psalm 148).

- In week 4 sal ons na die **Messiaanse Psalms** kyk, wat natuurlik een van die belangrikste temas van die Ou Testament is.

## NUUTGEDINK OOR GOD

> *As ‘n mens jou oog op die eindelose skoonheid van God laat rus, vind jy dat jy dit telkens opnuut ontdek, en sien jy dit telkens weer as iets nuuts en vreemds i.v.g. met wat jy reeds hervaar het. So hou God nie op om Homself te openbaar nie, en hou ons nie op om ons te verwonder nie.*
>
> Gregorius van Nissa (335-395)

Sommige mense het eenvoudig ‘n gawe om taal so in te span dat dit vir die ander van ons voel asof hulle daarmee ‘n stuk van ons hart uitskeur. ‘n Digter kan die druising van die branders so beskryf dat ons, duisende kilometres die binneland in, die soutreuk van branders teen die rotse kan proe.

Digters het die gawe om woorde te kies wat ons uitdaag om anders na onsself te kyk, of na mekaar; self ook na God. Die psalmdigter moes besonderse mense in hul eie tyd ook gewees het: hulle het hul volksgenote

gehelp om ‛n nuwe woordeskat vir God te kon aanleer. Die digters se eerlikheid kon maak dat mense kon begin nadink oor hulle verhouding met God. Dit is so aansteeklik dat ons, eeue later, steeds aangeraak voel en sê, "*ek wil ook daardie tipe verhouding met my Skepper hê*".

Dit was wat die kerkvader Augustinus ook met sy gedagtes oor gebed kon doen. Augustinus het ‛n manier gehad om so oor God te skryf dat dit ons wil laat sê, "*maar waarom is ek dan tevrede met ‛n afgewaterde gebedslewe*".

Iemand het eenmaal raad by die Kerkvader oor gebed gevra en Augustinus het geantwoord, ontdek eers hoe eensaam jy in hierdie wêreld is, dan eers sal jy kan begin bid. Die psalmdigters het dit ook geweet: " Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel" (Psalm 27:4).

Vir Augustinus, so het hy geglo, begin gebed eers regtig wanneer ‛n mens ‛n diep begeerte na God kry. Hy noem dit ‛n "heilige begeerte". "Ek kan nie meer sonder U nie". Die Psalmdigter sê dieselfde, "ek smag na U". Gebed begin daar wanneer ek van die smagting bewus raak.

Ek het jare gelede in ‛n boek die lang gedig van Augustinus neergeskryf:

*How late I came to love you,*
*O Beauty so ancient and so fresh,*
*how late I came to love you.*
*You were within me, yet I had gone outside to seek you.*
*Unlovely myself, I rushed toward all those lovely things you had made.*
*And always you were with me, I was not with you.*
*All these beauties kept me far from you-although they would not have existed at all unless they had their being in you.*

*You called, you cried,*
*you shattered my deafness.*
*You sparkled, you blazed,*
*you drove away my blindness.*
*You shed your fragrance, and I drew in my breath and I pant for you,*
*I tasted and now I hunger and thirst. You touched me,*
*and now I burn with longing.*

Dit is belangrik dat ons hierby stilstaan. Dit is alles goed en wel om byvoorbeeld die rykdom van parallelismes in die Psalms te kan raaksien (-

en as dit jou eers interesseer, kan ek jou waarborg, raak dit 'n uitdaging om al meer en meer daarvan te ontdek; dit is so met al die stylvorme van die gedigte). Maar, dan, teen die einde, moet 'n mens jou vra, met watter doel leer ek die beginsels ken?

Ons het 'n paar redes al genoem waarom ons die Psalms so intens wil bestudeer: dit is die Kerk se eeue-oue gebedeboek. Dit maak die studie al rede genoeg. Maar, ons weet ook hoe "eendimensioneel" ons gebedslewe kan wees, en die psalms bring vir ons die rykdom van alle menslike emosies in gebede te voorskyn. Dit is ook alreeds 'n goeie rede. Maar, dalk is Augustinus se verstaan van gebed die belangrikste: dat ons, deur die Psalms, wil bewus raak van die smagting wat ons vir God in ons hart het. En ook ontdek watter smagting God na ons het.

> Die manier hoe die digters oor God gedink het, slaan in die psalms soms jou asem weg. **In 'n patriargale tyd waar vroue maar min seggenskap gehad het, word God soms met verstommende vroulike rolle verbind.** Dit was die vroedvrou destyds wat 'n baba die wêreld help inbring het, en dan, nadat die baba skoongemaak is, vir die ma aangegee het om te voed. Hoe vreemd moes dit nie destyds gewees het vir die psalmdigter om te dink dat God die vroedvrou is nie. Dink byvoorbeeld hoe iemand destyds hierdie vers moes aangehoor het: *U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder. Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God* (Psalm 22:10-11). Ook, *"Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind*" (131:2).

Daar is etlike voorbeelde van hierdie verrassende manier van dink oor God: "Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God" (Ps 90:2). Ook hier is die woord wat gebruik word, dieselfde woord wat gebruik word vir vroue wat geboorteskenk. God se deernis (compassion) en genade is ook afgelei uit hierdie woord (145 :8; 86:15; 78:38; 103:8, 13).

Selfs net die taal van Psalm 123:2 moes alreeds die gebruikers van die Psalms laat asemintrek het: *Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm.*

Nee, ons hoef nie 'n goeie kennis van Hebreeus te hê voordat ons eers die Psalms "reg" hoef te lees nie. Wat ons wel almal kan doen is om die Psalms gereeld lees. Gereeld onsself aft e vra: wat nuut leer ek van God ken? Wat leer ek nuut van myself ken? Van God se wil vir my in die lewe?

Lees gerus hier as jy 'n opsomming van die verskeidenheid wyses kry hoe God beskryf word in die Psalms:
http://psalmsworship.weebly.com/images-of-god-in-psalms.html

## Metodes hoe ons die Psalms kan lees

In die eerste week het ek reeds gesê dat ek nie in hierdie kursus net wil fokus op inligting oor die Psalms nie. As ons net inligting wil insamel, dan raak ons maar ook net verbruikers soos die verbruikerskultuur ons leer. Dan spring ons van een kursus na 'n ander, sonder dat dit ons lewens vreeslik beïnvloed. Ek het in vorige boeke al geskryf dat ons – anders as in die vorige eras – nie mense is wat 'n gebrek aan kennis het nie (daarvoor kan ons die internet sekerlik die dankbaarste wees). In Hosea se tyd het hy geskryf, "My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis" (Hos 4:6). In ons tyd gaan ons te gronde weens iets anders. Een daarvan is "diepte". Soos Richard Forster in sy klassieke boekie, *Celebration of Discipline*, skryf, ons leef nie in 'n wêreld wat behoefte het aan slimmer of begaafder mense nie. Daarvan is daar baie! Die wêreld het 'n dringende behoefte aan "dieper" mense. Die wêreld se sug is – dringender en dringender - na verdieping. Om 'n vriend aan te haal, "ons het genoeg kundigheid om baie staal-brûe in ons land te bou, maar ons kort kundiges om ons te help om die afgebreekte brûe tussen gemeenskappe te herstel." (Lees meer hieroor in my boek Woestynwysheid).

Hoe kan ons die Psalms gebruik om ons werklik mense te maak wat vir die wêreld help heelheid bring? Hoe bid ons die Psalms? Want, ja, ek sal self

toegee, dat ons al hierdie inligting oor die Psalms kan kry; dit help ons dalk (ek hoop so) om die Psalms beter te verstaan, maar dit maak nog nie die Psalms maklik om te bid nie. Veral nie in die ritme van die een in opvolging van die vorige een nie.

Hier is moontlikhede:

## 1. Lees met verbeeldingrykheid

Hierdie metode word gekoppel aan die kerkvader, Ignatius van Loyola uit die 16de eeu. Ignatius het geglo dat God nie net met ons praat deur ons intellek nie, maar veral ook deur ons kreatiwiteit en ons verbeelding. Die bedoeling om op hierdie wyse te lees, is dat jy dieselfde emosies oproep as wat die skrywers (in hierdie geval van die Psalms) ook ervaar het. Vir Ignatius is ons emosies 'n geskenk van God waardeur ons God dan ook kan ontdek. Daarom kan jy voel en sien, hoor en beleef wat die psalmdigters beleef het. Terwyl jy, biddend, lees span jy jou kreatiewe vermoëns in en visualiseer die situasie waarin die digter homself bevind het. Rekonstrueer die situasie vir jouself. Laat God toe om jou te lei, ook deur jou verbeelding.

Jy wil niks "bereik" behalwe om God beter te leer ken nie.

- Kies die psalm wat jy wil lees. Maak jou bedoeling in gebed aan God bekend. Vra ook dat God jou sal ontmoet terwyl jy met die psalm besig is.

- Lees eers die psalm 'n paar keer, net sodat jy weet waaroor dit gaan. As 'n psalm te lank is, lees net 'n paragraaf of twee. Jy kan 'n volgende keer met die origes aangaan.

- Nou sit jy rustig, toe oë en dink jou in die leefwêreld van die skrywer in. Waar het dit plaasgevind? Kan jy byvoorbeeld die grot waarin Dawid skuil visualiseer? Kan jy die klammigheid ruik? Kan jy sy emosies saam met hom voel?

- Alles wat jy voel of dink of selfs in jou gedagtes sien word dien onderwerp van jou gebed: waarom laat die Heilige Gees jou vandag op hierdie spesifieke maniere die teks ontdek?

- Wat kan jy leer uit dit wat jy met jou verbeelding kon ervaar?

| |
|---|
| Nadat jy deur die verbeeldingsmetode van Ignatius gelees het, probeer dit toepas op Ps 139:13 -14 |

As jy meer oor Ignatius en sy bybellees-metode wil leer kan jy kyk na: https://www.ignatianspirituality.com/ignatian-prayer/the-spiritual-exercises/pray-with-your-imagination/

How to Read the Psalms: Nine principles to enrich your understanding *by Tremper Longman III* http://klmgc.tripod.com/psalmread.htm

'n Youtube video oor 'n verbeeldingryke gebedsmetode: https://www.youtube.com/watch?v=wXAXhJXmkPU

## 2. "Heilige Lees" – Lectio Devina

Baie lesers is waarskynlik met hierdie bybelleesmetode bekend. Dit is sekerlik een van die oudste maniere om die Bybel te leer ken. Daar is 4 stappe: Lees, Nadink, Gebed en Rus by God.

Net soos met 'n verbeeldingryke lees, begin jy ook met gebed dat die Heilige Gees jou sal begelei en vorm. Deurentyd is jy dus in gesprek met die Gees. Anders as om met jou verbeelding te lees, **is jy hierdie keer opsoek na daardie een woord of strofe** wat die Heilige Gees vir jou wil uitlig.

Kies vir jou 'n psalm en lees dit rustig. Onthou, jy wil nie lees om te "weet" nie, maar om te "hoor". Lees stadig en aandagtig. Lees die teks 'n paar keer deur totdat jou gedagtes stop by 'n bepaalde woord of frase wat jou aanspreek. As daar 'n spesifieke woord/gedagte/strofe is wat vir jou uitstaan, herhaal dit 'n paar keer sodat dit regtig vir jou "lewendig" word.

### Nadink

Waarom is hierdie gedagte dan nou die een wat by jou opkom? Wat sou die woorde dalk vir die skrywer beteken het? Wat is jou konteks dat hierdie woorde vandag spesifiek in jou "oog gespring" het. Laat die woorde toe

om beelde, gevoelens en gedagtes in jou los te laat. Dink na oor wat die woorde of frase vir jou in jou lewe wil sê.

### Praat/gebed

In gebed reageer ons altyd op wat God reeds gesê het. Nou kan jy met God gesels oor wat jou in hierdie teks geraak het. Deel met God die dinge waarvan jy bewus geword het. Om te bid vra eerlikheid. Vra wat is God se uitnodiging met hierdie woord wat jy gekry het.

### Rus by God

As jy dink alle "praat" is klaar, dan raak dit tyd om net rustig saam met GOd te sit. Dis om net in God se teenwoordigheid te sit en te "wees". Soos iemand eendag vir Moeder Teresa van Calcutta gevra wat doen sy as sy klaar gebid het, toe antwoord sy "dan sit ek by God". En die persoon vra toe, "en wat doen God", toe antwoord Moeder Teresa, "God sit ook net".

Nadat jy deur die Lectio Divina-metode gelees het, probeer die metode toepas op Psalm 121

As jy meer wil weet oor Lectio Divina: https://bustedhalo.com/ministry-resources/lectio-divina-beginners-guide

Twee video oor die gebruik van Lectio Divina:
https://www.youtube.com/watch?v=BPwPsn4wlIg
en ook https://www.youtube.com/watch?v=sJpT1pLRcKQ

## 3. S O A P

Hierdie is 'n Engelse akroniem wat so lees:
S = scripture
O = observation
A = application

P = prayer

Hierdie is 'n metode wat meer aan ons bekend is, en wat meer met "studie" te make het.

- **Scripture / Lees**
  Kies 'n psalm. Maar probeer om meer as een vertaling van die teks te kry (dit is nogal belangrik, want in hierdie metode gaan dit meer oor ontdek). Nou kan jy rustig die psalm in elke teks te lees.

- **Observation / Ontdek**
  Kyk nou na alles wat vir jou uitstaan? Wat leer jy oor God, en oor jouself, en ook oor jou medemens? Wat leer jy oor die psalm en oor die digter? Hoe verskil ons wêrelde van mekaar?

- **Apply / Toepas**
  Hoe lei hierdie teks jou na die Nuwe Testament waar jou doelwit is om vir Jesus na te boots? Watter gehoorsaaheid is in hierdie teks nodig? Waarvoor word jy in hierdie psalm geroep?

- **Prayer / Gebed**
  In hierdie gebed bid jy die teks vir God terug. As daar iets is wat God vir jou in die teks gesê het, praat met God daaroor.

Met die S.O.A.P-metode lees Psalm 91

As jy meer oor S O A P wil lees/luister, kan jy hierdie skakels volg:
https://lovegodgreatly.com/how-to-soap/
https://www.youtube.com/watch?v=JWaCjxE25TU

WEEK VIER-DEEL I SE NOTAS SAL MAANDAG 3 AUGUSTUS (06:00) BESKIKBAAR WEES